**SATERDAG 21 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 1:12-26**

**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 1:26**

## Die fondament voltooi

Die getal 12 het 'n baie besondere plek in die Woord van God. Die kerk van die ou bedeling het uit die 12 seuns van Jakob ontstaan, die uiteindelike stamvaders van die volk Israel. Jesus Christus het vir Hom 'n groep van 12 dissipels gekies wat van die begin af die *oog-en-oor-getuies* van sy bediening moes wees. Hierdie manne se getuienis sou die grondslag of fondament van die kerk van die Nuwe Testament vorm.

Na Jesus Christus se hemelvaart het die dissipels deur indringende Skrifstudie en gebed tot die oortuiging gekom dat die plek van Judas, die verraaier, gevul moes word. Deur die lot te werp, word Mattias in die plek van Judas as twaalfde apostel aangewys.

In die kerk van die Nuwe Testament is daar nie plek vir diegene wat in selfsug net hulle eie voordeel soek nie. Jesus Christus bou sy kerk op die getuienis van 'n oortuigde apostel wat die eer van God op die hart dra.

'n Fondament bepaal die verdere groei en afmetings van die gebou wat opgerig word. Jesus Christus was die hoeksteen, terwyl die getuienis van 12 oortuigde apostels die basis sou vorm waaruit die res van die kerk van die Nuwe Testament sou groei (vgl. 1 Kor. 3:9b-17). Hoe lyk ons bouwerk as gemeente? Word ons dalk deur selfsug en die soeke na eie voordeel gemotiveer?

Die kerk van die Nuwe Testament kan net deur die getuienis van toegewyde gelowiges gebou word. Só 'n kerklike lewe is waardig die fondament wat reeds gelê is.

*Sing: Skrifberyming 27*

*Prof. IW (Naas) Ferreira (Teologiese Skool)*